

sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, 23 wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.

Efesiërs 2:1 En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes 2 waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, 3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. 4 Maar Elohiem, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, 5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met die Messias – uit guns is julle gered – 6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemel in die Messias Y’shua, 7 sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy guns in goedertierenheid oor ons in die Messias Y’shua. 8 Want uit guns is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van Elohiem; 9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. 10 Want ons is sy maaksel, geskape in die Messias Y’shua tot goeie werke wat Elohiem voorberei het, sodat ons daarin kan wandel. 11 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, 12 dat julle in daardie tyd sonder die Messias was, vervreemd van die burgerskap van Yiesraël en vreemdelinge met betrekking tot die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder Elohiem in die wêreld. 13 Maar nou in die Messias Y’shua het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van die Messias. 14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het 15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die Torah van gebooue wat in

insettinge¹ bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skeep 16 en albei in een liggaam met Elohiem kon versoen deur die folterpaal, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. 17 En Hy het die goeie nuus van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; 18 want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. 19 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die afgesonderdes en huisgenote van Elohiem, 20 gebou op die fondamente van die apostels en profete, terwyl Y’shua die Messias self die hoeksteen is, 21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot ’n afgesonderde tempel in die Meester, 22 in wie julle ook saam opgebou word tot ’n woning van Elohiem in die Gees.

Efesiërs 3:1 Om hierdie rede is ek, Shaül, die gevangene van die Messias Y’shua vir julle wat heidene is – 2 as julle ten minste gehoor het van die bediening van die guns van Elohiem wat aan my verleen is vir julle, 3 dat Hy aan my deur ’n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het; 4 waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van die Messias kan verstaan, 5 wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy afgesonderde apostels en profete geopenbaar is deur die Gees, naamlik 6 dat die heidene mede-erfgename is en mededelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in die Messias deur die goeie nuus 7 waarvan ek ’n dienaar geword het, volgens die gawe van die guns van Elohiem wat aan my gegee is ooreenkomstig die werking van sy krag. 8 Aan my, die geringste van al die afgesonderdes, is hierdie guns gegee om onder die heidene die goeie nuus van die onnaspeurlike rykdom van die Messias te verkondig, 9 en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die

¹ 2:15 Letterlik: “dogmas”, ’n woord wat in die Skrif nooit na die geskrewe deel van die Torah verwys nie. Hier verwys dit heel waarskynlik na die uitgewerkte sisteem van mensgemaakte doktrines wat die meeste Yehudiem in Shaül se tyd (verkeerdelik) tot dieselfde vlak as die Voor-Messiaanse Geskrifte verhef het.